Pretoria- 10 November 2013

**Skriflesing**: Rigters 17; Jesaja 40:25-31; Johannes 4: 21-24
Kategismus: **Sondag 35**
**Sing- Ps. 102:1,10,11; Ps. 97:4; Ps. 119:34**

## Rigters 17

**Jdg 17:1** Daar was ‘n man van die gebergte van Efraim met die naam van Miga.
Jdg 17:2 Dié het aan sy moeder gesê: die elf honderd sikkels silwer wat van u geneem is en waaroor u ‘n vloek uitgespreek het en dit ook voor my ore gesê het—hier is die geld by my, ék het dit geneem. Toe sê sy moeder: Mag jy geseënd wees deur die HERE, my seun!
Jdg 17:3 En hy het aan sy moeder die elf honderd sikkels silwer teruggegee. Maar sy moeder het gesê: Ek heilig plegtig die geld aan die HERE; uit my hand is dit vir my seun om ‘n gesnede en ‘n gegote beeld te maak; ek sal dit dan nou aan jou teruggee.
Jdg 17:4 Toe hy dan die geld aan sy moeder teruggegee het, neem sy moeder twee honderd sikkels silwer en gee dit aan ‘n goudsmid; en hy het daar ‘n gesnede en ‘n gegote beeld van gemaak wat in die huis van Miga gekom het.
Jdg 17:5 Die man Miga het naamlik ‘n godshuis gehad, en hy het ‘n skouerkleed en huisgode gemaak en een van sy seuns aangestel om vir hom priester te wees.
Jdg 17:6 In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë.
Jdg 17:7 En daar was ‘n jongman van Betlehem-Juda, uit die geslag van Juda; hy was ‘n Leviet wat daar as vreemdeling vertoef het.
Jdg 17:8 En die man het uit die stad, uit Betlehem-Juda, getrek om te vertoef waar hy plek kon kry; en op sy reis het hy in die gebergte van Efraim gekom tot by die huis van Miga.
Jdg 17:9 En Miga vra hom: Waar kom u vandaan? Toe sê hy vir hom: Ek is ‘n Leviet, uit Betlehem-Juda, en ek is op trek om te vertoef waar ek plek kan kry.
Jdg 17:10 En Miga sê vir hom: Bly by my, en wees vir my ‘n vader en ‘n priester, dan sal ek u jaarliks tien sikkels silwer gee en ‘n stel klere en u lewensonderhoud. En die Leviet het gegaan,
Jdg 17:11 en die Leviet het ingewillig om by die man te bly; en die jongman was vir hom soos een van sy seuns.
Jdg 17:12 En Miga het die Leviet aangestel, sodat die jongman sy priester geword het, en hy was in die huis van Miga.
Jdg 17:13 Toe sê Miga: Nou weet ek dat die HERE aan my goed sal doen, omdat ek ‘n Leviet as priester het.

## Jesaja 40:25 -31

Isa 40:25 By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige.
Isa 40:26 Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie.
Isa 40:27 Waarom sê jy dan, o Jakob, en spreek jy, o Israel: My weg is vir die HERE verborge, en my reg gaan by my God verby?
Isa 40:28 Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? ‘n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie.
Isa 40:29 Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie.
Isa 40:30 Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs;
Isa 40:31 maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.

## Johannes 4:21-24

Joh 4:21 Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom ‘n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie.

Joh 4:22 Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode.
Joh 4:23 Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.
Joh 4:24 God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

**Sondag 35**

**Sondag 35**
**96 *Vraag*: Wat eis God in die tweede gebod?**
**Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).**
***(a) Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.***

**97 *Vraag*: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?**
**Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b).**
***(a) Jes 40:25. (b) Eks 34:17; 23:24; 34:13; Num 33:52.***

**98 *Vraag*: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?**
**Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b).**
**(a) Jer 10:8; Heb 2:18. (b) Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17.**

**Skriflesing**: Rigters 17; Jesaja 40:25-31; Johannes 4: 21-24
Kategismus: **Sondag 35**
**Sing- Ps. 102:1,10,11; Ps. 97:4; Ps. 119:34**

Broeder en suster met die eerste erediens het ons daarop gewys dat daar na God geluister moet word. Ook dat 'n mens fyn moet kan luister. By die tweede gebod is dit presies wat van ons verwag word. Die verskil tussen godsdiens, erediens en beeldediens. 'n Ware erediens moet volg op ware godsdiens. Die ware godsdiens is die bedding waarbinne die ware erediens moet plaasvind. U kom agter dat die eerste twee gebooie nie dieselfde is nie, die eerste gaan oor afgodery, die tweede oor beeldediens, ons moet die twee van mekaar onderskei, maar dan ook nie weer van mekaar wil skei nie. Dikwels is afgodediens en beeldediens met mekaar verstrengel. Afgodediens vind baie keer plaas in die vorm van beeldediens. Beeldediens kan ook baie keer lei tot afgodediens.

Beeldediens is enige ander manier om die ware God te dien, anders as wat Hy in sy Woord beveel. Dit is verkeerde diens aan die ware God. Ons twee hoofgedagtes dan die verkeerde erediens en dan die ware erediens.

***Die verkeerde erediens:***

Ons kan nie die Here dien soos ons wil nie, solank ons bedoeling net mooi en goed en reg is nie. Néé gemeente, die wyse waarop diens aan God moet gebeur, word vir ons in die Here se Woord beveel. Enige afwyking van hoe God gedien moet word, bring die tweede gebod in gedrang. Dit gaan om eiewilligheid, mense wat God wil dien soos hulle lus het. Kolossense

2:23 praat van die *eiesinnige godsdiens* of soos dit ook vertaal kan word as ’n *selfgemaakte godsdiens.*

Op treffende wyse word hierna verwys as vreemde vuur op die Here se altaar. Levitikus 10:1 lees ons die seuns van Aäron *het vreemde vuur voor die aangesig van die Here gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie*….. Baie keer word ons met die vrae gekonfronteer hoekom doen ons nie dit of hoekom doen ons nie dat in die erediens nie. Ons kan ook praat van die vreemde vuur wat in die eredienste geblaas moet word?! Altare wat met ander vuur begin brand. God moet gedien word SOOS WAT HY IN SY WOORD BEVEEL.

Hoeveel van ons wat so graag die erediens anders wil inkleur, ander dinge wil byvoeg, kore, musiekinstrumente wat die plek sal laat dawer, het in sy gemoed ál al die vrae in die Here se tweede gebod beantwoord. Die vrae na die vastigheid van die Here se Woord. 2 Petrus 1:19 – *Ons het die Woord baie vas is*…..Die vraag na die genoegsaamheid van die Here se Woord. Die vraag na die wese en die gesag van God se Woord, wat ’n vraag is na die onsigbare wese van God Self. God sê in Johannes *Hy is Gees en die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid aanbid*…….In die vorige vers sê die Here dan ook…..*die Vader soek mense wat Hom só aanbid.* Die só is die mense wat net in gees en waarheid na die Here toe kom.

Geliefdes, ons kan nie die Here wil dien soos ons lus het nie, solank dit net opreg is en uit die hart uitkom, dan sal die Here ons vergewe as daar dalk in my mens gemaakte lied ’n wanklank sit, ’n skewe gedagte waarvan ek dalk self nie weet nie.

Dink aan Dawid toe hy met die mooiste bedoelinge God wou dien, maar hy nie ten volle met God se voorskrifte in hierdie erediens rekening gehou het nie. Ussa moes vir Dawid die ark van God na Jerusalem oorbring. Die ark wat God se teenwoordigheid by die mense sigbaar voorstel moet beweeg word. In Numeri 4:11,15 lees ons die voorskrifte hoe die ark vervoer moes word. Hoe die erediens moet plaasvind. Die ark moet met draaghoute gedra word en dan moes dit ook glad nie aangeraak word nie. Ussa gaan en daar is nie draaghoute nie, maar hy gebruik sommer ’n wa om die ark op te laai en osse om die wa te trek.

Daar begin sy eiewillige erediens al, maar sy bedoelinge kan u seker weet is baie goed. Met die beste bedoelinge word die ark opgelaai. Die erediens begin! Hulle het al vêr gevorder en by een of ander dorsvloer struikel die osse en die ark wil afval. Ussa steek sy hand uit om die

ark te keer. Kan daar by ons nog enige twyfel oor sy goeie bedoelinge bestaan. Hy wil keer dat God se ark nie val nie, maar hy het nie gelees wat God se voorskrifte vir die dienswerk is nie. God se reëls vir die erediens! Ons lees in 1 Kronieke 13:10 – *Die toorn van die Here het ontvlam teen Ussa en Hy het hom getref, omdat hy sy hand na die ark uitgesteek het, sodat hy voor die aangesig van God gesterf het.* Die gevolg, alles, die hele erediens word net daar afgelas en Dawid het ontroerd geword, *omdat die Here 'n skeur aan Ussa geskeur het*…..Besef u die erns van ons eiewilligheid, al kan ons bedoelinge hoe goed wees?

Ons kan dit hoe goed bedoel, so vroom kan dit aangebied word, maar as die Woord nie daarby is nie, die Woord nie in die sentrum bly nie, dan is dit vreemde vuur, 'n eiewilligheid, 'n sinlikheid van die mens. En as ons sê die Woord alleen dan bedoel ons die inhoud van die Woord, die vuur van die Woord Self, die Heilige Gees, want alleen dit wat na letter en gees uit die Woord kom, dit maak dood en dit maak lewend. Dit is bekering. Bekering in die eredienste is wat die tweede gebod van ons vra! Bekering is tog die doodmaak van myself, die afsterf van die ou mens, die letter maak dood, God se Woord bekeer my, maar bekering is ook die opstaan van die nuwe mens, die Gees maak lewend, die Gees gee die lewe van die Woord, die vleesgeworde Woord, die lewe van Jesus Christus, elke dag aan my ellendige sondaarmens. Elke dag 'n doodmaak, elke dag 'n opstaan in ons eredienste, want ons hele lewe is mos bedoel om God te eer, die ware toets vir Sondae se eredienste, vind Maandag tot Saterdag plaas. Die tweede en laaste gedagte is dan

***<u>Die ware erediens:</u>***

Gemeente, beeldediens, 'n eiewillige erediens, is wanneer dit gebeur wat in die tyd van die Rigters die probleem was. Ons het dit weer gelees…..*elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë.* In die hoofstuk lees ons van 'n ene Miga wat 1100 sikkels silwer van sy ma gesteel het. Sy ma het intussen die dief vervloek en toe begin Miga bang word, omdat sy gewete hom gepla het en hy ook die vloek van sy ma gevrees het. Hy gee toe die geld aan sy ma terug en dan hoor ons hoe word God op eiewillige wyse by die diens betrek. Sy ma besluit om 'n godsbeeld van die silwer te maak en in Miga se private godshuis te sit. Daar word selfs 'n priester aangestel om die ware God nou in die sake te raadpleeg.

Eers Miga se eie seun is die priester, maar later 'n Leviet, hulle wat God as priesters vir Hom uitgekies het. 'n Leviet word nou priester in 'n huis wat bedoel om 'n Godshuis te wees. Met gesteelde silwer word nou 'n beeld gemaak wat bedoel om God te eer. Sien u wat kan gebeur

as daar ’n werklike ywer vir God is, maar dit alles vind plaas sonder ware kennis van die Here se Woord. Ons kry vroomheid wat verdwaal.

Saul se einde was sy eiewilligheid en wederstrewigheid. Sy eredienste wat gelyk het soos hy, wat Saul is, daarvan hou. Hy het nie die volle oorlog buit vernietig soos wat God hulle beveel het nie, maar let op die verdwaalde erediens, verdwaalde vroomheid, die beste van die oorlog buit moes volgens sy eie wil nou eerder aan God geoffer word! En dan hoor ons vir Samuel sê in 1 Samuel 15:23 – *Want wederstrewigheid is ’n sonde van waarsêery en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp…..*

Dit is wat die tweede gebod ons wil laat verstaan – GOD IS ONSIGBAAR. In die erediens moet ons dit respekteer. God is Gees (en as sodanig onsienlik) en daarom moet God in gees en waarheid aanbid word. Dit moet aan die ware eredienste dan ook geheel en al ’n geestelike karakter gee. ’n Erediens wat ’n ontmoeting van God met sy gemeente is en die gesprek vind plaas onder leiding van die ampte. Alleen God moet kan praat, ons moet luister, ons moet kan antwoord, ons oë, gedagtes en ore moet nie afgetrek word nie. Dit is ware erediens waar God se Woord en God se Gees is…..DIS AL!

Die groot les wat God vir Israel in die woestyn geleer het, is dat Hy die groot, almagtige Onsienlike is. Later sê die Here weer in Exodus 33:20 – *Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan my sien en bly lewe nie…..*Mense moet nie probeer om die Onsigbare, sigbaar en tasbaar en aanskoulik voor te stel nie. Dit skep net sinnebeelde en is op sigself ’n versinliking. Die geskiedenis van die goue kalf by die Wetgewing van die Here is seker die grofste oortreding van die gebod. Mense wat in die plek van God die kalf gestel het (afgodery), maar wat ook vir God in die kalf wou voorstel (beeldediens). Hulle moes maar die water waarin die kalf se fyngemaalde stofgoud is drink. Hulle eie beeld en god opdrink. Daardie drang om die Onsienlike te sien, Hy wat ‘’n ontoeganklike lig bewoon. Die Here het vir ons in Jesaja 40:25 gevra – *By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige……*

Ons kan die Here alleen by sy Woord vergelyk. Calvyn het dit al so mooi gestel dat die Bybel is die kleed waarmee Christus na ons toe kom. In die erediens mag dit alleen gaan om die verkondiging van die Woord waarmee Christus na ons toe gekom het, dit moet gaan om die

Woord waarin Christus vlees geword het. Kolossense 2:9 – *In Christus woon al die volheid van die Godheid liggaamlik…* nadat daar in Kolossense 1:15 ook staan dat *Christus is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping.* God het ons tegemoet-gekom. God het in Christus 'n Beeld vir ons gegee, 'n waaragtige Beeld van Homself, 'n Beeld wat u en ek vandag kan dien.

Ons dien Christus om God te dien. Christus deur Wie ons tot God kan bid, so bid ons nie tot Christus nie, maar tot God, maar ons aanbid Christus deur Wie ons tot die Vader kan bid. Die wonder van God se Beeld, Wie God is, is in Christus die waarheid. Mag dit die wonder van die erediens wees – Jesus Christus. 'n Erediens wat in gees en waarheid plaasvind, vind in Christus plaas. Die voorneme van Paulus in 1 Korintiërs 2:2 bevestig dit alles - *...ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie, as Jesus Christus en Hom as die gekruisigde…*

In die erediens waarbinne God met ons praat wil Hy sy kinders deur die werking van die Heilige Gees na die Beeld van Christus hernuwe.. Die Woord is genoeg, want uit die Woord kan ons Christus ken. Ons kan op Hom vertrou. Dit is geloof. Ons kan Christus deur die geloof aanskou.

Ons moet genoeg hê aan die geestelike teenwoordigheid van God. God wat Hom deur sy Woord teenwoordig maak. Die Woord wat die Heilige Gees hierheen bring, maar ook die Gees in my en u bring. Wat wil ons meer hê?! Hoe duidelik ken ons God as ons luister na sy Woord. Wie gebonde is aan die Here se Woord staan onder die werking van die Woord wat die Heilige Gees laat werk. Die mees intieme gemeenskap met God vind deur die Woord plaas, as ek weet die Woord is die waarheid wat in Jesus mens geword het.

As u die tweede gebod in die Wet lees dan is daar 'n bedreiging en 'n belofte. Die Vader sal die misdaad teen die tweede gebod aan die kinders van die derde tot die vierde geslag besoek. Die misdaad van afgodery, van beeldediens, van 'n eiewillige godsdiens dra dikwels in homself al die straf saam. Die God van die verbond, is 'n jaloerse God. Hy straf die kwaad in die geslagte.

Kom ons in ons erediens wat ons lewe is ook 'n gesindheid van genoeg kry. Ons kan nie God met ons eie sin en wil nader bring nie. God is klaar so naby ons, Hy is by ons, met ons, in

ons. Eendag sal ons God van aangesig tot aangesig sien. By die einde van die wêreld sal alles een ewigdurende erediens wees. Alles sal volmaak, volkome wees. Op die nuwe aarde onder die nuwe hemel sal hier 'n Beeld van God wees wat Self God is. Ons sal dan vir God sien. Nou nog het ons sy Woord, ons weet eintlik wat sy Beeld is, want Christus ken ons. Hy is ons fondament, Hy is ons vastigheid. Sy Woord kan nie verander word nie, niemand kan sy Woord losmaak nie. 2 Petrus 1:19 – *Ons het die Woord wat vas is*....Sy Woord is die Waarheid, wat nie die teendeel van die leuen is nie, maar die waarheid is Christus wat die volheid van die Godheid is.

AMEN